

Gereformeerde Kerk Bellville – 2 April 2017 – Oggend

Sing vooraf staande: Psalm 121:1, 2 (p. 608)

- 1 Ek hef my oë bergwaarts heen / en staar die ure óm,
tot my verlossing kom. / My hulp is van die HEER alleen.
Hy, oor my lot bewoë, / is eind'loos in vermoë.
- 2 Bedreig gevaar jou reispad ooit – / Hy is dit wat jou voet
vir wankeling behoed. / Hy, Isr'els wagter, sluimer nooit.
Die HEER is jou ontfermer, / jou skadu en beskermmer.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 100:1, 2 (p. 494)

- 1 Juig, al wat leef, juig voor die HEER!
Dien God met blydschap, gee Hom eer;
kom nader voor sy aangesig,
en prys Hom met 'n lofgedig!
- 2 Die HEER is God, erken dat Hy
'n eie volk vir Hom berei,
'n volk om Hom te dien en vrees
en skape van sy wei te wees.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Psalm 25:2 (p. 115)

- 2 Leer my, HEER, u regte weë, / wys die regte pad my aan;
maak my hart daartoe geneë, / om met lus daarop te gaan.
Wil my deur u waarheid leer, / lei my dwalende gedagte;
want u is my heil, o HEER! / U is ek altyd te wagte.

Gebed

Psalm 128:1, 2 (p. 627)

- 1 Wie deur Gods vrees bewoë, / trou op die weg wil gaan,
waar hom Gods wil voor oë / en klaar getekend staan
die arbeid van sy hande / sal hy met vreug geniet
wanneer die koringlande / met seen hul opbrings bied.
- 2 Soos ons met welgevalle / die wingerdstok aanskou,
en tel die trossetalle / wat ons die blare^oontvou
so sal sy in jou lewe, / die huisvrou van jou jeug,
aan jou die volheid gewee / van huiselike vreug.

Skriflesing: Genesis 2:18-25; Efesiërs 5:21-33

Kernverse: Genesis 2:23; Efesiërs 5:31-32

Toe sê die mens: Dit is nou eindelijk been van my gebeente en vlees van my vlees. Sy sal mannin genoem word, want sy is uit die man geneem.
(Genesis 2:23 AFR53)

Daarom moet die man sy vader en sy moeder verlaat en sy vrou aankleef en hulle twee sal een vlees word. Hierdie verborgenheid is groot, maar ek sê dit met die oog op Christus en die gemeente.
(Efesiërs 5:31-32 AFR53)

Tema: God gebruik ons huwelike om te preek

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, om 'n kind van die Here te wees, beteken nie dat 'n mens sondeloos is nie. Ons voer immers nog elke dag 'n stryd teen die sonde in ons eie lewe. Om 'n kind van die Here te wees sê ook nie dat al 'n mens se woorde en daede volmaak volgens die wil van die Here is nie. Maar omdat ons kinders van die Here is, wil ons alles in die stryd werp om die punt te bereik waar ons daede en woorde wel volgens die wil van die Here is. Natuurlik sal ons dit nie uit ons eie kan regkry nie. Die Heilige Gees lei ons met die Woord om God se wil aanhoudend te leer ken. Met sy Woord en Gees stel die Here ons in staat om ons doen en late aan sy heilige wil te toets sodat ons tog ons doen en late kan verander soos Hy dit wil hê.

In die twee gedeeltes wat ons saam gelees het sê die Here vir ons hoe Hy wil hê dat ons huwelike moet wees. Verder maak Hy ook 'n geheimenis bekend in verband met ons huwelike, naamlik dat Hy dit gebruik om te preek. Nou kan almal van ons, of die meeste van ons, sê: Maar daar is niks fout met ons huwelik nie. Of iemand anders kan sê: Maar ek is nie meer getroud nie, of: Ek was nog nooit getroud nie. Dit maak nie saak hoe ons huwelike nou lyk nie. Kinders van God toets aanhoudend of hulle huwelike aan die wil van God voldoen. En ongeag jou huwelikstaat vandag, die Here wil hê ons moet sy wil hoor. Dan sal ons toegerus wees om ook ander mense in liefde leer wat God se wil in verband met ons huwelike is.

Om te verstaan hoe God die huwelike van mense gebruik om te preek begin ons waar die Here die huweliksmat gee en die huwelik instel. Op die sesde skeppingsdag het die Here al die diere en die eerste mens uit die stof van die aarde geskep. En Hy het self gesien dat daar nog iets kortkom in sy skepping. Die mens is nog alleen en dit is nie goed nie. Daarom besluit Hy om 'n hulp te maak wat by die mens pas. Daar moet nog 'n mens na die beeld van God geskep word wat saam met die eerste mens kan heers oor die hele skepping. Daar moet nog 'n mens wees sodat hulle twee saam en almal wat uit hulle gaan voortkom die beeld van God kan vertoon in al hulle werke en woorde teenoor mekaar en teenoor die hele skepping.

Die Here het 'n diep slaap oor die mens laat kom, want die mens kan nie God se skeppingsdaad aanskou nie. Maar hy kan die voltooidde skeppingswerk van God aanskou en met vreugde ontvang. Terwyl die mens diep slaap haal die Here 'n ribbebeen uit die mens en maak die plek toe met vleis. Met hierdie ribbebeen bou die Here 'n vrou en bring haar na die mens toe. Dit wat eers nie goed was nie, word goed en volmaak gemaak met die vrou wat die Here God aan sy eerste mens gee. Die behoefte aan 'n hulp vir die eerste mens word deur God beantwoord met 'n vrou wat by die mens pas. Eers na die skepping van die vrou as hulp wat by die mens pas, was die hele skepping baie goed.

Hoekom het die Here spesifiek die ribbebeen van die mens gekies? Daar is al baie redes aangevoer hoekom die Here juis die ribbebeen gebruik het. Die Heilige Gees maak egter nie vir ons verder in die Bybel duidelik hoekom die Here die ribbebeen gebruik het nie. Maar as ons tog 'n verklaring wil hê, kan hierdie een seker gepas wees: Sy is nie van die skedel gemaak om op die man se kop te sit nie; sy is nie van 'n voetbeen gemaak om vertrap te word nie; sy uit die rib in die mens se sy gemaak om gelyk aan hom te wees, uit die rib onder sy arm om beskerm te word, uit die rib naby sy hart om geliefd te wees.

Wanneer die mens sy vrou van God ontvang, begroet hy haar met 'n lied:

Dit is nou eindelijk been van my gebeente en vlees van my vlees.
(Genesis 2:23 AFR53)

In die man se lied hoor ons 'n sug van tevredenheid en blydskap. Eindelik is daar 'n hulp wat by hom pas. Iemand saam met wie hy in gemeensaamheid kan leef en God kan dien en eer met hulle woorde en werke. Die vrou is mens soos die man, gelyk voor God, maar tog anders - sy is die man se hulp.

Nadat die man sy huwelikslied tot eer van God vir sy vrou gesing het, vervolg die Heilige Gees met die woorde:

Daarom sal 'n man sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef. En hulle sal een vlees wees. (Genesis 2:24 AFR53)

Met hierdie woorde stel God dan ook die huwelik tussen een man en een vrou in.

Om nog beter te kan verstaan hoe God ons huwelike gebruik om te preek, moet ons ook stilstaan by die instellingswoorde van die huwelik. Die huwelik as die eerste verhouding wat God tussen mense instel, bestaan uit drie dinge: verlaat, aankleef en een vlees wees.

Elke man en vrou word in 'n gesin gebore en leef in 'n gesin. Van kindsbeen af is die gesin die eerste natuurlike verhouding waarin die Here ons saam met ander mense laat leef. Daarom, sê die Heilige Gees, sal die man sy vader en moeder verlaat. Die man en vrou maak hulleself los uit die eerste verhouding met mense, naamlik met hulle ouers, want 'n nuwe gesinseenheid kom met die huwelik tot stand. As ongetroude man of vrou is die mens se eerste liefde vir mense die liefde wat ons aan ons ouers moet betoon. Maar wanneer die huwelik gesluit word, verskuif die eerste liefde van die vrou en die man vir mense weg van hulle ouers af na mekaar toe. Fisies en emosioneel moet die man en die vrou hulle ouers verlaat. Ons liefde vir ons ouers val nie weg omdat ons trou nie, maar ons eerste liefde vir mense is die vrou of die man met wie ons getroud is.

Wanneer 'n vrou en 'n man hulle ouers verlaat om bymekaar te wees, moet dit openbaar wees. Almal moet kan sien dat hierdie man en hierdie vrou hulle ouers verlaat het om nou met mekaar getroud te wees en nie met iemand anders nie. In ons samelewing is hierdie verlaat van die ouers openbaar deur middel van die huwelikseremonies wat ons hou en die huweliksregister wat ons teken.

Die tweede daad in die huwelik is dat die man sy vrou aankleef. Die woord *aankleef* beklemtoon die verbondstrou tussen die man en sy vrou, en tussen die vrou en haar man. Die man en die vrou beloof aan mekaar om aan mekaar getrou te wees.

Om hierdie belofte van getrouheid nog duideliker te maak, kan ons sê: Dit is 'n eed van getrouheid. 'n Huwelik word ondersteun deur 'n bewuste keuse. Dit is die voorneme van elke huweliksmaat om met die huweliksmaat van sy of haar keuse saam te leef. En nie een van hulle gaan toelaat dat omstandighede die toekoms van hulle verhouding sal beïnvloed nie. 'n Huwelik word op meer as 'n romantiese gevoel gebou. Elke man beloof om getrou te wees aan sy belofte om met sy vrou saam te leef, ondanks wat die toekoms vir hulle saam inhou, en so beloof die vrou ook om getrou te wees aan haar belofte teenoor haar man.

Om mekaar aan te kleef in die huwelik, is om ook getrou te wees aan die roeping van God. 'n Huwelik is nie bloot 'n liefdevolle saamwees van 'n man en 'n vrou hulle lewe lank nie. 'n Huwelik is ook nie bloot 'n sosiale status nie. God roep 'n man en 'n vrou bymekaar in 'n huwelik om saam as huweliksmaats hulle roeping as gesin van God uit te leef, om as huweliks-maats saam sy genade te ervaar en sy verbondsliefde aan hulle in hulle huwelik te vertoon.

Aankleef is ook getrouheid aan een persoon. Die huwelik is nie ingestel om man en vrou ter wille van 'n sosiale verskynsel bymekaar te hê nie. Om jou man of jou vrou aan te kleef, is gerig op sy of haar persoon. Getrouheid aan hierdie een persoon beteken dan dat jy jouself aan die vryheid, volwassenheid en grootheid van jou huweliksmat toevertrou.

En in die laaste plek is aankleef getrouheid aan 'n verhouding. In die huwelik vertrou die man en vrou mekaar saam toe aan die genade van God dat Hy deur hulle verhouding met mekaar sy verbondsliefde sigbaar sal maak.

Die gevolg van die verlating van die ouers en die aanklewing van mekaar, geliefdes, is dat man en vrou een vlees sal wees. Dit beteken dat man en vrou in hulle huwelik tot 'n hegte eenheid op elke vlak van hulle lewe kom. In hulle aanbidding en diens aan God, in hulle heers oor die skepping, in hulle opvoeding van hulle kinders, in hulle lewe in die samelewing saam met ander mense, is hulle 'n hegte eenheid wat deur God saamgebind is. Hierdie eenwording tussen man en vrou word verdiep en verinnig deur die seksuele verhouding wat God aan hulle gegee het.

Hierdie eerste innige verbondsverhouding wat God tussen 'n man en 'n vrou ingestel het, het die Here mettertyd in sy geskiedenis met sy volk as model gebruik. Wanneer die Here van sy verhouding met sy volk praat, praat Hy van sy volk as sy vrou en Hy is haar man. Hy het sy volk weggeroep van die afgode af sodat hulle Hom alleen sal aankleef. Abraham en sy hele nageslag moes die afgode verlaat en die Here van hemel en aarde aankleef as hulle enigste God. Hulle moes hulleself net aan die Here toevertrou en hulle hele hart en al hulle liefde in die eerste plek op Hom rig.

Wanneer die Heilige Gees in die Nuwe Testament weer God se wil aangaande die huwelik tussen een man en een vrou aan ons bekend maak, hou Hy by die beeld waarmee God in die Ou Testament begin het. Die verhouding tussen die Here en die kerk word steeds as 'n huweliksverhouding beskryf. Om hierdie verhouding tussen die Here en die kerk vir ons sigbaar te maak, vergelyk die Heilige Gees die huwelik tussen die man en die vrou met die verhouding wat Christus met die kerk het.

Die Seun van God het die hemelse heerlikheid wat Hy by sy Vader gehad het vir 'n tyd lank verlaat. Hy het Homself verarm deur die gestalte van 'n mens aan te neem. Deur sy versoeningswerk as die Christus het Hy God se liefde en trou wat al sedert die dae van Abraham aan die gelowiges beloof word, kom bewys. Hy het God se onvoorwaardelik liefde bewys veral toe Hy aan die kruis vir mense se sondes gesterf het. Met sy dood aan die kruis word dit vir ons duidelik dat God die mense wat Hy lank tevore uitverkies het, aankleef met liefde en trou. Hy het sy eie Seun aan die dood oorgegee sodat ons kan sien hoe ernstig Hy is met sy belofte van liefde en trou aan die gelowiges.

Met sy eie bloed het Christus die kerk – sy bruid – losgekoop uit die kloue van die sonde. Sy bloed was die bruidskat wat Hy aan die hemelse Vader betaal het, sodat die kerk sy bruid kan wees. Daarom sê die Heilige Gees:

Want ons is lede van sy liggaam, van sy vlees en van sy bene.
(Efesiërs 5:30 AFR53)

Hy kleef die kinders van God aan met al sy getrouheid. Hy kleef ons so aan dat niks in hierdie lewe of in die toekomstige lewe ons ooit van sy liefde kan skei nie. Daarom kleef die kerk Christus ook aan met haar hele lewe. Al haar liefde rig sy op Hom en sy Vader en vertrou haar lewe geheel en al aan Hom toe.

Christus gaan nog verder, want die kerk, elke gelowige moet nog waarlik een word met Hom. Daarom het Hy sy Heilige Gees gestuur om in die kerk te woon en te werk. Dieselfde Gees wat in ons Here Jesus Christus is, is ook teenwoordig in die kerk. En met die Woord van God is die Heilige Gees aanhoudend besig om die kerk nog inniger in Christus te verbind. So innig dat die kerk in alles een met Christus kan wees, so een dat die kerk in 'n stadium ook sal kan sê: Dit is nie meer ek wat leef nie, maar Christus wat in my leef.

Geliefdes, omdat die Here God sy verhouding met die gelowiges dwarsdeur die Ou en Nuwe Testament soos 'n huwelik beskryf, en omdat die Heilige Gees weer die instellingswoorde vir die huwelik in die Nuwe Testament gee soos in Genesis 2, beteken dit dat God se wil vir ons huwelike steeds dieselfde is as wat dit was vir die huwelik van die eerste vrou en man. Maar nou gee die Here aan ons huwelike 'n dieper dimensie. Die verborgenheid van die huwelik is groot, sê Paulus, maar hy sê dit met die oog op Christus en die kerk. Die dieper dimensie wat die Here aan ons huwelike gee, is dit: Met die hegte eenheid van liefde en trou tussen 'n man en sy vrou en tussen 'n vrou en haar man in die huwelik preek God. Met ons huwelike wil die Here vir al wat leef wys hoe 'n hegte eenheid van liefde en trou daar tussen Christus en die kerk bestaan.

Broers en susters, Christus se verhouding as bruidegom met sy bruid, die kerk, sal nooit in der ewigheid verander nie. Ons verhouding tussen man en vrou ondergaan ongelukkig vanweë ons swakheid en sonde tog verandering. Maar omdat die Here ons sy kinders gemaak het, wil Hy hê ons moet ons huwelike aan die volgende maatstaf van Hom toets: Ons huwelik is God se preek vir die wêreld, as:

- ons ons ouers fisies en emosioneel verlaat het om ons man of vrou die eerste liefde vir mense te maak;
- ons mekaar as man en vrou aankleef deur getrou te bly aan ons beloftes om bymekaar te bly, deur getrou ons roeping as getroude man en vrou saam voor God te leef, deur onself daadwerklik aan mekaar toe te vertrou, en deur God se verbondstrou vir mense in ons verhouding met mekaar vertoon; en
- ons waarlik een is in geheel ons lewe saam.

Geliefdes, God wil hê ons huwelike moet hierdie toets slaag, want Hy wil met ons huwelike vir die wêreld preek.

Amen!

Slotgebed

Psalm 128:3, 4 (p. 627)

- 3 Soos jong olyfboomplante, / wat uitspruit sterk en fris,
so bloei aan alle kante / jou kinders om jou dis.
O wie van dié getal is, / hy wat die HERE vrees,
vir wie God een en al is – / hy sál geseënd wees.
- 4 Mag ryke seëninge / uit Sion jou bedou;
mag jy dié goeie dinge / van Sionstad aanskou!
mag jy nog, op jou bede, / 'n nakroosseen verkry!
En, God van alle vrede, / mag Isr'els vrede bly!

Die HERE sal jou seën en jou behoed;
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville

2 April 2017